W.4 BREëBLAARFONTEINKRUID/ BROAD-LEAVED PONDWEED

(*Potamogeton schweinfurthii* A. Benn.)

Familie: Potamogetonaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Breëblaarfonteinkruid is 'n groot, gewortelde waterplant met 'n geronde stingel van ongeveer 2 m lank en tot 5 mm dik. Die plant het onderwaterblare, terwyl van die boonste blare op die wateroppervlak kan dryf. Die blare is smal en spiesvormig, ongeveer 100 tot 200 mm lank, 10 tot 20 mm breed en besit geen stele nie. 'n Opvallende skede wat die stingel gedeeltelik omvou, word by die basis van die blare aangetref. Klein, groen blommetjies word in blomryke are gedra. Die min of meer eiervormige, kort gesnawelde vrug van ongeveer 4 mm lank bevat 'n enkele saad.

Verwante spesies

Breëblaarfonteinkruid kan van die twee ander Suider-Afrikaanse *Potamogeton* - spesies met onderwaterblare breër as 4 mm onderskei word aan sy steellose blare wat nie fyngetand aan die rand is nie en meestal ondergedompel is.

Verspreiding

Die plant kom wydverspreid in Oos- en Tropiese Afrika asook verder suidwaarts in Suidwes-Afrika/Namibië, Noord-Kaap, Transvaal, Vrystaat, Natal, Transkei en Oos-Kaap voor. Dit word algemeen in die riviere van Transvaal aangetref.



Ekologie

Breëblaarfonteinkruid groei in stilstaande en lopende water van ongeveer 2 tot 3 m diep. Dit word hoofsaaklik in redelike helder water aangetref en wortel gewoonlik in organies verrykte sand of klei.

Belangrikheid

Gewoonlik nie besonder lastig as onkruid nie. Die sade word deur watervoëls geëet.

Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van breëblaarfonteinkruid nie.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van die Griekse *potamos* = rivier en *geiton* = buurman afkomstig; *schweinfurthii* - Schweinfurth was 'n bekende plantversamelaar.

Spesienommer: 0058.000-00500

Literatuurverwysings

MUSIL, C.F., 1973. *Waterplants of Natal - a guide to the important species.* The Wildlife Protection and Conservation Society of South Africa.

OBERMEYER, A.A., 1966. Potamogetonaceae, in Codd, L.E., De Winter, B. & Rycroft, H.B. *Flora of Southern Africa*, volume 1.

WILD, H., 1961. Harmful aquatic plants in Africa and Madagascar. *Kirkia* 2: 1-66.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Perskor vir die Staatsdrukker, Pretoria en verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

1980